

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:18-29

Teks: **1 Johannes 2:20—21; 27**

Sing- **Ps. 66:7; Ps. 19:6; Ps. 119:22; Sb 14:1,2 (8-1)**

### **1 Johannes 2:18-29**

**1Jn 2:18** Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.

**1Jn 2:19** Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.

**1Jn 2:20** En julle het die salwing van die Heilige en weet alles.

**1Jn 2:21** Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.

**1Jn 2:22** Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.

**1Jn 2:23** Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.

**1Jn 2:24** Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.

**1Jn 2:25** En dit is die belofte wat Hy ons belooft het, naamlik die ewige lewe.

**1Jn 2:26** Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle mislei.

**1Jn 2:27** En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.

**1Jn 2:28** En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.

**1Jn 2:29** As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:18-29

Teks: **1 Johannes 2:20—21; 27**

Sing- **Ps. 66:7; Ps. 19:6; Ps. 119:22; Sb 14:1,2 (8-1)**

Geliefde broeder en suster, die brief waarmee ons besig is, laat ons voortdurend 'n paar baie belangrike sake in gedagte hou. Ons het dit nou ook al baie genoem, maar by elke nuwe onderdeel van die brief moet ons weer vasgryp aan wat reeds gesê is. Ons het die sentrale tema wat elke keer voor ons kom wat 1 Joh. 5:19 ons meevoer- **19** *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.* Ons wat uit God is, is wedergebore kinders van God. Iemand wat wedergebore is word deel van God se koninkryk. Johannes verbind God se tyd en God se wêreld saam in die sin dat wie uit God is ontvang die ewige lewe.

Dit gee rede tot blydschap, soveel só dat ons blydschap volkome kan wees. Ons kan God in sy heerlikheid dien, want God is lig en geen duisternis is in Hom nie. Daarom dien ons God op grond van sy geregtigheid, (die geregtigheid waarmee ons by die 2de diens Art 23 Nederlandse Geloofsbelijdenis ook sal nader bring) maar ons dien God ook op grond van sy liefde. God wat vir sy kinders in liefde Homself tot liefde verklaar. Daarom dat Johannes

God openbaar as dat GOD LIEFDE IS... Dit plaas liefde in die regte lig, op die wyse kom liefde in 'n nuwe lig. Dit kom daarop neer dat my lewe by God moet begin. Daar mag vir my niks belangriker in my lewe wees as my verhouding met God nie. Vir God moet daar heilige ontsag wees, in alles moet my respek vir God die grootste respek wees wat daar in mens kan wees. Op die wyse kry ons dit in die wysheidsboeke soos in Spreuke baie duidelik- Spr. 1:7: *Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis...* ook Spr. 9:10: <sup>10</sup> *Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand.* Hierdie vrees wat daar vir die Here moet wees het alles te make met heilige eerbied en ontsag wat daar vir God moet wees. Om werklik by God se liefde uit te kom, moet ek eers God se heiligheid vooropstel. Iemand wat God in sy liefde minag is juis iemand wat God in sy heerlijkheid misken, God word in sy heiligheid aangetas. Wie nie in sy lewe God se heiligheid eerste stel nie, moet nie verwag dat die res van sy verhouding met God reg sal wees nie.

Al manier hoe die gelowige na die liefde van God kan oorbeweeg is as ek eers God se heiligheid raaksien. Dan laat die gryse apostel ons goed verstaan dat wie waarlik vir God lief is, kan die wêreld met die sonde en die genietinge van die wêreld nie gelykstel met die liefde wat daar vir God moet wees nie. Ek het of God lief of die sondige wêreld het my eerste aandag. Die allesomvattende beginsel wat Johannes ons al dieper inlei is om werklik al groter erns met God se liefde te maak. Groot dele van hfst. 3 en hfst. 4 sluit aan by wat die liefde van God alles is. Dit wat die liefde alles omvat. So hoor ons in 1 Joh. 4:9-10 'n verdere aangrypende samevatting van wat die liefde al verder vat- **9** *Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. 10* *Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.*

\*\*\*

Daarom dat ons verlede Sondag en weer vandag ons belydenis en geloof in Jesus Christus die beginpunt en eindpunt maak. Wanneer ons spesifiek hierdie deel van die brief hanteer waar dit oor die koms van die Antichris handel en dit wat baie antichriste ons wil oortuig dan beseft ons dit alles is bedoel om anti-Christus te wees. Teen Christus te wees! Om 'n wedergebore kind van God te mag wees het ons lankal al uitgemaak beteken in wese twee dinge- **JY MOET SEKER WEES DAT JY VIR JESUS CHRISTUS KEN** en direk hiermee in aansluiting- **JY MOET SEKER WEES DAT GOD JOU ONLOSMAAKLIK AAN HOM VERBIND HET.**

\*\*\*

Twee maal het ons dit nou gehoor... ek moet seker wees! Hoe werk hierdie sekerheid wat Johannes dan in die omgewing van die baie antichriste ons mee vertrou. Dit is deur die werk van die Heilige Gees. Ons teksverse stel dit baie sterk- *En julle het die salwing van die Heilige Gees en weet alles... En weet alles*, dit is 'n uitdrukking wat met groot sekerheid omraam word. Iemand wat dit kan sê – ek weet ... ek weet alles, het beslis iets in die agterkop van 'n baie groot sekerheid. Tog laat ons dadelik hierdie WEET ALLES reg verstaan want so maklik kan ons hier verkeerd loop. Dit gaan nie daarvoor dat ek van alles ALLES weet nie. Dat ek eintlik niks meer hoef te leer nie, dat my kennis volmaak is en ek werklik alles weet nie. Wie dit so sien sal baie gou weer vasval. Dit gaan oor dinge wat van Jesus Christus gesê kan word, bely word, dit wat waarlik jou geloof oor Jesus Christus moet wees, daarvan moet jou lewe 'n alles-weet lewe wees. Daar moet nie dinge oor Jesus Christus wees wat ons veronderstel is om te weet en dan weet ons dit nie.

Om dan Jesus Christus in die volle weet van jou lewe in te sluit, om alles te weet in wat Jesus Christus vir ons is en moet wees het ons die betroubaarste Bondgenoot wat daar kan wees. Die Heilige Gees Self! Dit het Jesus Christus Self voor gesorg. Sovele plekke in God se Woord word hierdie sekerheid ons lewe ingedra. So het Johannes ook vroeër in sy evangelie dit Jesus Self hoor sê- Joh. 14:25-26- **25** *Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; 26* *maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.*

Ons word die belofte gegee dat die ALLES ons geskenk is. In hierdie tyd wat ons veral weer herinner word dat ná hemelvaart, 10 dae later toe kom die Heilige Gees in sy volheid. Hy is ten volle uitgestort. Weer iets van ALLES het na ons gekom. Ons staan in aansluiting by wat ons verlede Sondag by uitgekom het nie verleë wanneer die Antichris en die baie antichriste in hierdie lewe van ons aan die gang is nie. Verlede Sondag het ons mos mekaar daarop gewys al die dinge wat in ons tyd baie swaar op die gemeente inwerk, niks hiervan moet ons verbaas nie. Dit is dinge waarop God ons ten volle voorberei. Ons het mekaar ook verlede Sondag herinner aan watter dinge vir ons as Kerk nog die belangrikste moet wees.

Dit waarmee die Kerk nooit kan sê dit het ons gedoen en nou is ons klaar nie. Die werk waarmee die ware Kerk altyd mee besig moet wees, is om Christus te verkondig, in alles moet ons dié alles wat die Heilige Gees ons gegee het om te weet, hierdie alles moet ons

uitdra waar en wanneer ook al. Ons het gewys dat getalle en allerhande strategieë en ondernemings en visies en missies nie die kerk se primêre doel moet wees nie, maar soos Paulus dit ook gestel het- 1 Kor. 2:21: *want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.* Met hierdie vertrekpunt wat die Kerk sy altyddurende uitgangspunt moet maak moet ons onthou dit wat in 1 Kor. 1:21-25 staan geld vandag nog net soveel- *dit het God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red; 22 want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, 23 maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; 24 maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God. 25 Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense.*

\*\*\*

Ons word deur baie dinge wat antichristelik is geteister, dit val ons aan, maar broeder en suster, met alles waarmee jy aangeval word moet jy dit ook voor alles stel- *ek het die salwing van die Heilige Gees-* m.a.w. dit is maar net weer 'n ander manier wat hierdie brief my al baie kere voor oë gehou het, ek hoef nie deel van 'n probleem in die Kerk van die Here te wees nie... ek moet sorg dat God my deel van sy oplossing in hierdie Kerk van Hom maak. Ek het die salwing m.a.w. ek is wedergebore. U weet hoe ons nou oor die wedergeboorte uit die brief baie moes haal, maar nooit kan ons dit genoeg benadruk nie. Gesalf met die Heilige Gees is om met die Heilige Gees gedoop te wees, is om wedergebore te wees. Daartussen kan ons alles gelykaantekens plaas. Dit is met hierdie salwing wat Johannes as gryse wyse man van God ons by sy lesers in vers 21 ook wil voeg- *21 Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.*

In die Kerk van God wat vir God soos 'n huisgesin is, Sy gesin, hierin kan ons Geesvervuld lewe. God wil ons alles wat Hy weet ons moet weet deur sy Gees bekendmaak. Sy Woord is nie maar net 'n boek nie, sy Woord is Christus, daarom wie presies wil weet Wie God is, moet by Christus uitkom. Dit begin en dit eindig alles by Christus. Dan kan die wêreld wat ons in die laaste deel van hfst 2 ook te doen kry, maar kom... hoe baie antichriste daar mag wees, hoe dit nog alles al meer antichristelik gaan word, tot die finale verskyning van 'n iemand, 'n persoon wat in alles sal uittroon as nou het die Antichris gekom, tot op daardie laaste punt waar die ergste van alles gekom het, ja die finale verskyning van die Antichris sal

Pretoria- 10 Mei 2015

hierdie wêreld so antichristelik wees soos dit nog nooit kon wees nie, dan steeds moet ek kan sê – *ek weet alles....ek weet wat ek moet weet, ek ken Jesus Christus...*

Ons het vantevore al by 'n gevolgtrekking in die brief gekom wat vandag weer onderstreep staan- WIE JY IS, IS WAT JY KAN DOEN, WAT JY KAN DOEN, WYS WIE JY IS... Die Heilige Gees laat alles wat ons van Jesus moet weet, duidelik na ons kom, maar wil die Heilige Gees elkeen ook laat sien- WIE JY IS... DINGE WAT EK MOET KAN DOEN. Direk hiermee saam as ek die dinge doen, dan kan andere werklik sien wie ek is. Dit gee die uitklaring- is ek deel van 'n probleem... is ek deel van 'n oplossing? Die Heilige Gees sal nie buite die lyne beweeg nie. Daarvoor het ons die belofte wat God Self deur sy Gees ons gee, dat die Gees werk nie los van die Woord van God nie. Die Heilige Gees tree altyd binne die raamwerk van Jesus en sy verkondiging op.

Ek moet nie allerhande dinge wat mense my wil wys, wat dalk selfs die antichriste my wil wysmaak somer maar sonder meer as werk van die Heilige Gees aanvaar nie. Ons moet kan weet hoe die Heilige Gees in ons lewens werk. Dit alleen deur die Woord wat ons hier voor ons het, dit wat waarlik die Woord van God in sy verkondiging laat spreek, dit moet ons aanvaar kom van God deur wat Sy Heilige Gees ons lewens mee vul. Elke deeltjie van wat die Gees doen word in die lig van Jesus Christus ons lewens ingedra. As daar iets met die evangelie van Jesus bots, of op bepaalde punte nie met ons leer oor Jesus Christus ooreenkom nie, aanvaar dat dit nie van die Heilige Gees is nie. Sien dit dan vir wat dit is. Dit is anti-Christus. Deel van die baie antichriste wat Johannes ons mee waarsku. Gedurig, ja elke dag, moet ek kan toets, toets die dinge waarmee ek te doen het, of ek werklik hierin die Gees van God het. Hy wil dat ons alles weet- weereens ons teks- *julle het die salwing van die Heilige en weet alles* – direk hiermee saam – ons het die waarheid. vers 21- *omdat julle die waarheid ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie...*

\*\*\*

Nou is dit ook so- om met die Gees van God vervul te wees, beteken 'n ware verhouding met God. Vervulling impliseer verhouding. Om deur die Gees gelei te word of deur die Gees van God beheers te word, is tog aktiewe verhoudingswoorde. Daar gebeur iets tussen twee... Die Heilige Gees en wie jy is- julle twee –vir beide, vir jou en vir die Heilige Gees gaan dit om die verbond. Die verbond is verhoudings gedrewe, die verbond werk nie staties, klinies, koud, organisatories, vas en geklemd, asof ek nie kan roer of beweeg nie. Nee, dis lewend, dis organies, dis om op pad te wees, daar gebeur elke dag iets, groots of klein, moet nie die

dinge geringskat nie. In Sagaria se naggestigte sien ons al treffende werke en ooreenkomste wat die Heilige Gees na ons aktief wil laat oorkom. Die vyfde gesig met die kandelaar gebind aan die olyfbome en afvoerpypies, hoe die olie na die werklike punte deurvloei.... daardie olie dui net op Één, nl die Heilige Gees wat die lewe gee en die lewe deurvloei. Dit is dinge wat dikwels in die stilte gebeur, soos Sagaria in dieselfde naggestig dit dan ook hoor- *nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskaie* (Sag 4:6). Dan kom vers 10 later- moet juis hierdie dinge, hierdie dag van klein dinge nie verag nie.

\*\*\*

Dit is die Gees in ons wat jou alles wil laat weet, wat jou die waarheid leer, wat ons in hierdie tyd oortuig dat die antichriste uitgeken kan word, dat ons as kinders van God kan lewe, dat ons beseef, dat die groter saak is belangriker as wie ek is. Dit is ook so belangrik. Mense wat dink hulle is belangriker as dit wat die groep is. Die groep moet na my luister, ek hoef nie na die groep te luister nie. Wie hiermee volhard is deel van 'n probleem, beslis nie deel van wat die oplossing is wat God sy ware Kerk bied nie...

Terwyl as ons as groep onself Kerk van God mag noem, dan glo ons hiërdie Kerk is nie maar mensewerk, of 'n kerkverband is nie maar toevallige mensewerk, 'n groep van kerke besluit nou sommer ons is lus om verbondelik Kerkverband te wees nie. Nee die groter saak is waar pas die ware Kerk in, waar pas die Kerk in die koninkryk van God in, dan ook 'n groep van kerke, die kerkverband, waar pas ons almal in waar dit vir ons almal moet gaan om die koninkryk van God. Maar dan ook die vraag- waar pas ek in. Ons het die pragtige voorbeeld van die bye in God se natuur reeds vantevore aangehaal. 'n Heuningby gee alles, selfs sy lewe vir die res van daardie byekorf. Ons moet as Kerk, die groter saak, die byekorf vooropstel, vergeet wie jy is, vergeet jouself, jou eie vlees, ja soos die Psalm ons laat sing- *O dogter wat die Bruidsroep hoor, /o skoonste, luister, neig jou oor// Vergeet jou volk, jou eie vlees//dat jy die Koningsbruid kan wees* (Ps. 45:9).

\*\*\*

In ons optrede word dit uitgemaak het ek die salwing van die Gees, weet ek wat ek moet weet, laat ek my werklik deur die waarheid lei, gaan die ware Kerk my vooraf, of dink ek, ja ek, ek gaan die Kerk van alle eeue vooraf... ek weet meer, ek moet die Kerk leer, ek het niks om by die Kerk en haar belydenis te leer nie. Weereens dan maak ek my deel van 'n probleem, ek is dan nie deel van God se oplossing, ja dalk selfs ernstiger, deel van God se verlossing vir sy Kerk nie?! Onthou ons aartsvyande, dié groot vyande van ons, buiten die wêreld met sy antichriste en die Antichris wat kom, buiten die Satan, die duiwel, die groot

leuenaar, is daar die derde van hierdie grootste vyande en dit is wie ek is, wie ek in my vlees is. Ek is in baie opsigte my eie vyand, ek moet vir myself baie versigtig wees, oppas vir jousef, veral wanneer ek meen ek is groter as wat God se pad tot nou toe met hierdie groep is, ek is belangriker as wat die Kerk is, of selfs 'n kerk wat dink ons is die belangrikste, daar is niks wat ons by die groter verband hoef te haal nie. As kerkverbande, m.a.w. nog wyer moet ons mekaar voor die waarheid van God se Woord bring, daarom dat daar TKR-gesprekke moet wees. As ons dit nie wil doen nie, dan het dit laat geword... Dan het ek in valstrikke getrap wat die Satan so graag vir God se kinders stel. Dan is ons terug by wat ons reeds gesê het (verlede Sondag)- as hulle werklik van ons is, dan sou hulle by ons gebly het, Maar omdat hulle uit ons is, maar nie werklik van ons nie, daarom het hulle van ons weggegaan. Dit moes aan die lig kom dat hulle nie werklik van ons is nie... op die einde word hulle dan deel van die werking van die antichriste, al het hulle dalk aanvanklik dit glad nie so bedoel nie, dit is hoe gevaarlik dit kan word...

\*\*\*

Onthou weer die begin van wat ons hiermee besig is- dit is die uur waarbinne ons moet weet- die Antichris kom, daar is ook nou baie antichriste... hulle laat ons weet dat dit die laaste uur is (vers 18). Ons kan dit weet, dit alles weet.... ons moet nog meer weet. Mag die res van die eerste brief ons nog dieper hierin lei.

AMEN